

DIE KERK BUISTE SUID-AFRIKA

PROF. RIDDERBOS EN DIE KAAPSE MODERATUUR

PROF. B. B. KEET

Die kommentaar van prof. Herman Ridderbos in die GEREFORMEerde WEEKBLAD op die besluit van die Kaapse Sinode insake die ere doktersgraad wat aan Martin Luther King deur die Vrye Universiteit toegeken is, het reeds in hierdie kolom melding ontvang. Nou het daar vanweë die Moderatuur in die GEREFORMEerde WEEKBLAD 'n antwoord op die kommentaar van Ridderbos verskyn met sy weder-antwoord. Ter inligting van ons lezers gee ons die hoofinhoud weer.

Die Moderatuur spreek sy droefheid en teleurstelling daaroor uit dat prof. Ridderbos nie reageer op die gronde van die besluit nie, maar die Sinode aanval oor 'n motief wat hoegenaamd nie in die gedagte van die Sinode was nie.

DRIE GRONDE VAN BESLUIT

Die drie gronde wat aangevoer is, was:

(i) Nêrens, uit die beeld wat ons van Martin Luther King kry het dit in die minste geblyk dat hy 'n voorstander is van, meegewerk het aan of selfs simpatiek staan teenoor die gedagte van 'n Christelike wetenskap nie.

Kan prof. Ridderbos dit ontken?

(ii) Dr. King se teologiese beskouinge kan nie as Gereformeerde bestempel word nie. Kan prof. Ridderbos dit ontken? Uit die enkele publikasies van dr. King blyk die teendeel.

(iii) Allerweé word daar gepraat van sy kommunistiese simpatie of sy bevordering van denkbeelde wat die saak van die Kommunisme dien. Ook dit kan prof. Ridderbos in die lig van die feite wat voorsien kan word, nie ontken nie.

GEEN POLITIEKE STREKKING

Op hierdie gronde, vervolg die geskrif, het die Sinode sy besluit geneem en ons is bereid om ons hierop te verantwoord. Dit is, egter, teleurstellend dat prof. Ridderbos 'n aanval loods op grond van 'n motief wat nie by ons aanwesig was of is nie. Dit is nie waar dat die Sinode se besluit 'n politieke strekking gehad het nie. Dit wil eerder voorkom dat die besluit om Dr. King te eer 'n politieke strekking gehad het, as gelet word op die standpunt wat studente van die Vrye Universiteit ingeneem het. Ons wil egter nie politieke motiewe aan die Vrye Uni-

versiteit toedig nie en keur dit ten sterkste af dat prof. Ridderbos dit geheel ten onregte doen. Sy optrede staan veroordeeld voor die 9de gebod van God. Tot sover die Moderatuur.

PROF. RIDDERBOS ANTWOORD

Prof. Ridderbos antwoord o.a. soos volg: Die Moderatuur het gelyk dat my beskouing nie ingegaan het op die eerste twee gronde van die resolusie nie, nl. dat dr. King die gedagte van 'n Christelike wetenskap nie sou ondersteun nie, en dat hy in sy teologiese beskouinge nie Gereformeer is nie. Maar, sê hy, dit is nie die punte waarom hy die resolusie van die Sinode bedenklik genoem het nie. As die Sinode hom hierby geperk het, sou hy geen proteste aangeteken het nie. Miskien sou hy gevra het waarom die besluit van die Sinode alleen teen die promosie van dr. King gerig is. Want van die ses promovendus sou mens slegs van een of twee kon sê dat hulle teologiese beskouinge gereformeer is, en van een van hulle dat hy nog heelwat minder gereformeer is as dr. King. En oor hulle simpatie vir 'n Christelike wetenskap kan hy nie oordeel nie. Maar dat dr. King hierin soveel van die meeste van sy mede-promovendi sou verskil, is moeilik om te sê. Dat die promosie van dr. King op hierdie gronde spesiaal moes afgekeur word, lyk baie willekeurig.

Maar dit was en is nie die punt nie. En as die Kaapse Kerk daarby wil vorhard dat dr. King daarom geen ere-doktoraat van die Vrye Universiteit moes ontvang het nie, sal hy nie met die Sinode daaroorstry nie. In Nederland word ook verskillend daaroor gedink, al word dan nie spesiaal aan dr. King gedink nie. Hierdie besware hoef ook geen politieke strekking te hê en as hy deur op hierdie gronde nie in te

gaan nie, die indruk verwek het om ook daarin politieke bybedoeling te sien, wil hy verklaar dat dit nie alleen nie gesê is nie, maar daaraan ook nie gedink is nie. Sy beswaar gaan oor die derde oorweging van die Kaapse Sinode.

BESWAAR TEEN DERDE OORWEGING

En eerlik gesê, begryp hy nie goed waar hy verkeerd gehandel het deur hieraan 'n politieke strekking te verbind nie. Want wat is die feite? Die Vrye Universiteit skenk aan dr. King 'n ere-doktoraat vir wat hy gedoen het vir die regte van Negers in Amerika en vir die Christelike motiewe wat hom daartoe gedryf het. Die Kaapse Sinode beskuldig daarenteen dr. King van kommunistiese simpatieë en van die voorstaan van die kommunistiese saak. Sy vraag is, wie nou eintlik die saak in die politieke vlak bring het, hy of die Kaapse Sinode? Of is die beskuldiging van kommunistiese simpatieë en diens aan die kommunistiese saak geen politieke oordeel nie? Die kern van die saak is egter nie of die Sinode 'n politieke oordeel uitgespreek het of nie. Natuurlik het dr. King deur sy stryd vir siviele regte 'n politieke figuur geword en al wat 'n mens ten gunste of ten ongunste van hom sê, kan nie buite die politiek gehou word nie. Die kernvraag is anders: of sy optrede in die politiek van rasverhoudinge kommunisties is of nie. Daarop antwoord die Kaapse Sinode: Allerweé word daar gepraat van sy kommunistiese simpatie, ens. En die Moderatuur voeg daarby dat prof. Ridderbos, in die lig van die feite wat voorsien kan word, dit nie kan ontken nie. Maar antwoord prof. Ridderbos, die Sinode moet hom nie fundeer op wat allerweé gepraat word nie. Ook in Nederland word veel gepraat bv. deur „studente van die Vrye Universiteit“. Maar as sinodes op grond daarvan uitsprake gaan doen, is die einde nie te oorsien nie. Dit gaan nie om gepraat nie, maar om feite. Wel spreek die Moderatuur later ook

(Vervolg op bladsy 12)

Die Kerk buite Suid-Afrika

(Vervolg van bladsy 11)

oor feite, maar alleen van feite wat voorsien kan word, maar kan en mag 'n mens daarom „in die lig van die feite wat voorsien kan word“ met die etiket „kommunistevriend“ omgaan? Laat ons liewer bly by wat die feite vandag is en in die lig daarvan probeer 'n oordeel vorm.

TWEE FEITE

Dr. Ridderbos noem twee dinge:

(i) die wyse waarop die President van die Verenigde State dr. King betrek het in die voorbereiding en afkondiging van die wet op burgerregte in Amerika. Die President en dr. King was telkens saam in die koerant en op die foto, oog in oog en hand in hand. Die Amerikaners hou wel van vertoning, maar dat Pres. Johnson verwyt kan word dat hy so naief is om him in sy eie land deur mense wat die saak van die kommunisme dien op sleeptou te laat neem, lyk tog baie vreemd.

(ii) dr. King het self teen die resolusie van die Kaapse Sinode geprotesteer en sy oortuiging te kenne gegee dat die kommunistiese ideologie onverenigbaar is met die Christendom.

Hierdie protes het in 'n Suid-Afrikaanse koerant verskyn.

Kan 'n kerk iemand wat so openlik Christendom en Kommunisme onverenigbaar verklaar, op geen beter gronde as wat die Kaapse Sinode ten dienste gestaan het van kommunistiese simpatieë ens. beskuldig en nog daarop reken dat hy aan ander geloofwaardig sal voorkom? Miskien sal die Kaapse Sinode nou begryp hoe hierdie onwerklike en ligvaardige politieke diskwalifikasies van dr. King se optrede hier in Nederland geïnterpreteer word. 'n Interpretasie wat hy (dr. Ridderbos) beskryf het as iets wat die indruk verwek dat elke strewe na rasse-integrasie as Kommunisties beskou moet word. Die juistheid van hierdie indruk word nou ten sterkste ontken en die Moderatuur meen selfs om voor die forum van almal wat dit wil lees, sy vertolking van hierdie indruk as „veroordeeld deur die 9de gebod van God“ te brandmerk.

GEEN HEIL IN VERVREEMDING

As hy die bedoeling van die Sinode verkeerd begryp het, dan betreur hy dit van harte. Maar hy wil tog iets hieraan toevoeg. As die Sinode ook deur sy naaste bure en vriende, nie misverstaan wil word nie met betrekking tot wat vir hom wel die Christelike standpunt is in-

sake die rasvraagstuk, sal dit goed wees as hy 'n stryd wat elders ten gunste van die man wat onder lê met 'n beroep op die Evangelie gestry word, nie te spoedig en te weinig gemotiveerd as kommunisties bestempel nie. „Dit maak die Sinode onverstaanbaar en vreemd vir ons en ons weer vreemd vir hom, wanneer ons hom daarin nie begryp nie.“ En in daardie vervreemding sien hy geen heil nie, maar onheil.

ANGLICANS AND PRESBYTERIANS MOVE TOWARDS UNION

(Part Two)

THE REV. ROBERT ORR

The first part of this article traced the course of the Conversations between Anglican and Presbyterian Churches, and concluded with the text of the Proposed Covenant between them. In this second and concluding article, we outline the reaction of the Churches to the Proposed Covenant, and comment on the significant parts of it.

FOURTH PARTNER

Perhaps the first thing that should be noted is that, by the time the Proposed Covenant was drawn up and published, a fourth partner had agreed to enter the Conversations — the Tsonga Presbyterian Church. This Church, recently granted its autonomy, is the fruit of the labours of the Swiss Mission in South Africa, and has a membership of approximately 12,000, which includes a sprinkling of white staff, both ordained and lay. For those who may be bewildered by this profusion of Presbyterian bodies, it should be stated that the three Presbyterian Churches engaged in conversations with the Anglicans are themselves very close to organic union. When this union is consummated, (which should be within the next two or three years), the result will be a Presbyterian Church more truly reflecting the South African population, for its membership will be 72,000 African and 30,000 white, with very much smaller numbers of Coloured and Indian members.

The Proposed Covenant was presented to the General Assembly of the Presbyterian Church of Southern Africa in September last year, to the Assembly of the Bantu Presbyterian Church a little later, and to the Provincial Synod of the Church of the Province in November. The Bantu Presbyterian Church's Assembly, though it did not have much

time to deal with the matter nevertheless received the Covenant. (The Synod of the Tsonga Church meets every two years, its next meeting being in July, 1966). The other two bodies gave the Proposed Covenant a most cordial reception. Experienced observers in both these courts of the Churches said emphatically that the respective debates on the Proposed Covenant were the most positive and constructive they had heard for many years. Both agreed to receive the Proposed Covenant by overwhelming majorities — in the Presbyterian Assembly, the voting was 120 votes to 8.

COVENANT RECEIVED

The effect of these votes should be very carefully noted. The Proposed Covenant has not been adopted. Some people have, naturally enough, been given the impression that the action of these bodies means that the Churches are, in fact, entering into this Covenant now. This is not so. What they have done is to receive the Covenant, that is, to take official note of the fact that it exists, and to instruct that it be studied at all levels throughout the respective Churches — in diocesan synods, presbyteries, sessions, church councils, and congregations. The Conversations are giving serious attention to the necessity of having Presbyterian and

(Continued on page 13)